Opgeroepte betekenis in literêre vertaling: Die vertaling van dialek en register in *Die swerfjare van Poppie Nongena* deur Elsa Joubert

Maricel Botha

Maricel Botha, Departement Afrikatale, Universiteit van Pretoria

Opsomming

Hierdie artikel behandel die oordrag van betekenis in literêre vertaling en lewer verslag oor ’n studie wat die vertaling van dialek en register in *The long journey of Poppie Nongena* (Elsa Joubert 1980), die Engelse vertaling van *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978), ondersoek het. Die studie het aangetoon dat ’n literêre vertaling wat goed geskryf is en inhoudelik ooreenstem met die bronteks,[1] steeds onvoldoende mag wees indien alle vlakke van betekenis nie voldoende oorgedra is nie. Betekenis sluit dus nie slegs die feitelike inhoud in nie. In literêre tekste is die *wyse* waarop inligting oorgedra word dikwels ewe belangrik as die inhoud, aangesien dit onder andere inligting verskaf oor die taalgebruikers en taalgebruikskontekste. In literêre vertaling word gebruikersverwante taalvariëteite (dialek) en gebruiksverwante taalvariëteite (register) dus tot ’n hoogs betekenisvolle vlak verhef. Mona Baker (1992) noem die betekenis wat uit dialek en register stam, “evoked meaning”, of *opgeroepte betekenis*. *Die swerfjare van Poppie Nongena* is in terme van opgeroepte betekenis swaar gelaai, maar die Engelse vertaling toon nie dieselfde lading nie. Die eerste doel van die artikel is om hierdie betekenisteenstrydigheid uit te wys deur middel van ’n vergelyking van die bron- en doelteks, en die tweede doel is om ’n meer gepaste strategie voor te stel. Juliane House (1977, 1997, 2009) se teorie van waarneembare vertaling sal as oplossing bespreek en geïllustreer word deur gedeeltes van die teks wat volgens hierdie strategie in Engels hervertaal is, voor te lê. Só word die kulturele en sosiale karakterbehoud wat deur ’n verandering van vertaalstrategie bereik kan word, bewys.

Trefwoorde: dialek; getrouheid; literêre vertaling; opgeroepte betekenis; register; verskuilde vertaling; waarneembare vertaling

Abstract

Evoked meaning in literary translation: Translating dialect and register in *Die swerfjare van Poppie Nongena* by Elsa Joubert

This article investigates the transfer of meaning in literary translation and presents the findings of a recently concluded study (Botha 2015). The article fulfils a two-fold purpose.

The first is to prove that a literary translation may be well written and may reflect the content of the source text correctly, but may still be inadequate due to the fact that not all types of meaning have been translated adequately. This is proven by comparing Elsa Joubert's renowned novel *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) with its English translation, *The long journey of Poppie Nongena* (1980), to demonstrate a significant shift in meaning due to an insufficient transfer of social dialect and informal register. The second purpose is to propose and illustrate a solution to the identified problem, which involves a discussion and an application by retranslation of Juliane House's (1977) strategy of overt translation, which entails a foreignisation of the translation in order to make the source culture and the situational context apparent. The retranslation illustrates an alternative translation strategy, but does not suggest that this is "the ultimate" alternative. It is simply one which seeks to retain a crucial aspect of the source text and is also open to critiquing and alteration.

The reason for using an actual translation for the research was to demonstrate a general problem with reference to a real translation and the aim was not to comment merely on an individual translation. Toury (2012:5) explains that "individual studies into translation are bound to yield isolated descriptions, an obvious result being a gradual accumulation of discrete pieces of knowledge". The evaluation in this case is therefore not an end in itself, but a procedure for highlighting a general problem in translation practice, for which a practical solution is provided and demonstrated. In this way, theory and practice are combined to produce meaningful results and the strategies illustrated here can be applied in translations of a similar nature.

The texts used in this study were chosen very specifically, however, and require an introduction. *Die swerfjare van Poppie Nongena* is a biographical novel based on the life story of an Afrikaans-speaking black woman born in the early 20th century and her struggle under the apartheid regime. The book was an immediate success, receiving three major South African literary prizes the year after its release. It is characterised linguistically by its incorporation of many different language varieties, such as Orange River Afrikaans, township slang, informal language and antiquated language, which add a strong cultural flavour to the novel that no doubt contributed to its success. The English translation of the novel, undertaken by Joubert herself, was first published in 1980 as *The long journey of Poppie Nongena* (the 1980 American edition was renamed *Poppie Nongena*, and subsequent paperback editions in 1981 and 1985 were simply called *Poppie*). The English translation, intended for both an international and a local market, made the novel into an international success. However, in spite of the positive reception of the English version internationally, the translation shows some major deficiencies and one may go as far as saying that it is an inexact or weak representation of the original as far as cultural and social reflection are concerned.

An assessment of any translation as inadequate requires theoretical backing, of course, and the theoretical structure of this research consists, firstly, in a distinction between two types of translation: overt and covert translation, as defined by Juliane House (1977). Overt translation is obvious translation which is usually applied in the translation of literary texts that are culturally or historically bound. As was mentioned, it entails foreignisation, in which the original cultural context is made apparent in the translation. Foreignisation primarily involves strategies such as the retention of certain source text elements (such as words, grammatical structures, titles, names and idioms) and non-standard handling of grammar. This approach is in opposition to covert translation, which is usually applied to pragmatic texts and which aims to produce fluid, natural texts. Achieving fluidity and naturalness often involves large-scale adaptation of the source text and domestication of the source culture. The distinction between overt and covert translation forms the main theoretical structure for this research, since it advocates the type of translation to be used for a specific type of text.

In this sense, it functions as a measuring device. It is also a solution to the identified problem, as is explained later.

The second major theory which supports this study involves a probe into semantics. In referring to the first purpose of the article, mention was made of the existence of different types of meaning. A definition of meaning and its relation to dialect and register formed a major part of the theoretical framework of the research. Linguistic meaning has been defined in many ways, but most models can be distilled into two categories at their most basic level, namely denotation and connotation (see Ogden and Richards 1946; Nida 1964; Newmark 1991; Chandler 2002). *Denotation*, simply put, refers to the so-called dictionary meaning of a word, and *connotation* to word associations. Whereas pragmatic texts usually require mainly the transfer of denotation, literary texts demand more than the transfer of content, since their function is not merely to impart facts. In literary texts, the way in which an utterance is expressed is often just as important to the expressed content, since the manner of expression renders valuable information regarding characters (through the use of dialect) and regarding the communicative context (through the use of register). In literary texts, therefore, dialect and register do not function merely as embellishing devices, but contribute significantly to the meaning of the original text. Mona Baker's (1992:13–7) model describing linguistic meaning was used for this research, since it makes provision for the description of meaning that arises from the use of dialect and register under the category of *evoked meaning*. The degree of retention of evoked meaning thus constitutes the main assessment criterion according to which *The long journey of Poppie Nongena* was judged as inadequate.

The transfer of evoked meaning was further linked to Kitty Van Leuven-Zwart's (2004) two general criteria for measuring translation quality. Van Leuven-Zwart proposes that translations be judged according to both creativity and faithfulness and criticises exclusively aesthetic (or creative) quality assessments of translations. In the case of *The long journey of Poppie Nongena*, the language shows literary elegance and would thus score well in terms of creativity. In terms of faithfulness, however, there is a large degree of departure. The comparison of evoked meaning in the two texts is thus conducted within the general category of faithfulness, which relates to the theory of overt translation. In terms of the practical analysis, House's (1977) first model of translation quality assessment was used to determine the quality of Joubert's translation. House's model, which makes use of various language user and language use dimensions, is slightly adjusted and simplified, however, to focus only on the main problematic dimensions, namely social dialect and social attitude (expressed through informal register). According to House's model, social dialect and informal register are firstly described in the source text and then compared with their occurrence in the translation. Based on this comparison, the quality of the translation is determined.

Using the theory of overt translation, Baker's definition of meaning and Van Leuven-Zwart's and House's criteria for measuring translation quality, it could be concluded that the presence of a higher degree of lexical and structural formality in the translation led to semantic shifts in the representation of (i) the socio-economic and cultural identity of characters, and (ii) the informal relationships between characters. These shifts are not merely stylistic, but influence the meaning of the translation. These shifts were then corrected by a fuller application of House's strategy of overt translation, illustrated in the presentation of sections of retranslated text. Reference is made to a fuller implementation of overt translation, since the overtness or covertness of a translation is not absolute and can be measured only relatively, in terms of degree. Joubert does employ foreignising strategies to a degree (especially in the retention of foreign words); however, overt translation is not carried out consistently and its effects are adversely affected, or even negated, by the formality and literary quality of the English translation. The presentation of retranslated

sections of text functions as a verification or proof of the use of House's theory as a solution to the problem of retaining evoked meaning. It illustrates strategies that can be used in the translation of other texts that are similarly culturally loaded and linguistically complex.

Thus, the problem of retaining evoked meaning in literary translation is explained by means of the analysis of a real translation and it is solved by the full application of overt translation strategies.

Keywords: covert translation; dialect; evoked meaning; faithfulness; literary translation; overt translation; register

1. Inleiding

Literêre tekste is een van die moeilikste soort tekste om te vertaal omdat hulle, in teenstelling met pragmatiese tekste, twee funksies op die taalvlak besit. Die funksie van pragmatiese tekste is hoofsaaklik die oordrag van inligting, terwyl die *manier* waarop inligting in literêre tekste oorgedra word, dikwels net so belangrik is as die inligting self, omdat die wyse waarop feite of gedagtes gekommunikeer word, verdere inligting verskaf – onder andere oor die taalgebruiker en die taalgebruikskonteks. Hierdie bykomende inligting oor die taalgebruikers en die taalgebruikskontekste word deur die gebruik van dialek en register oorgedra en is nie net opsioneel, stilisties of bykomend nie. Sommige taalkundiges, soos Eugene Nida (Nida en Taber 1969:49), glo dat 'n vermindering van vorm tot een universele gedagte vir alle tale lei, maar dit laat toe vir beduidende verskille tussen brontekste en vertalings wat nie slegs stilisties is nie, maar wat Meschonnic (1973:341) "signification and value of an inseparable nature" noem. Die tweede teksfunksie, of betekenisvlak, is dus baie belangrik en is veral prominent in tekste wat sterk kultureel of histories gegrond is. Die verlies wat ontstaan uit die korrekte oordrag van inhoud sonder 'n gepaste oordrag van spreekwyse word vergestalt in *The long journey of Poppie Nongena* (1980), die Engelse vertaling van Elsa Joubert se bekende roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978).

In hierdie artikel sal die betekeniswaarde van dialek en register verduidelik word deur 'n ontleding van die bronteks en die vertaling uit te voer, waardeur 'n teenstrydigheid in betekenis uitgewys word. Hiermee word 'n probleem in literêre vertaling uitgewys wat nie tot hierdie vertaling beperk is nie. Die doel is dus nie om 'n ontleding van 'n geïsoleerde teks ter wille van ontleding uit te voer nie, maar om 'n struikelblok in literêre vertaling te bespreek en 'n oplossing te bied. *Die swerfjare van Poppie Nongena* dien hiervoor as 'n praktiese voorbeeld. 'n Oplossing word voorgestel wat 'n "vervreemding" of "eksotisering"[2] van die vertaling behels. Juliane House (1977) se teorie van "overt translation" (hier vertaal as *waarneembare vertaling*) sal as oplossing verduidelik en geïllustreer word om die behoud van betekenis wat deur 'n verandering in vertaalstrategie kan ontstaan, te bewys. Die illustrasie sal geskied deur gedeeltes van die hervertaling aan te bied. Die doel van die aanbieding van dele uit die hervertaling is om moontlike vertaalstrategieë aan die hand van 'n werklike teks uit te beeld.

Dit word beklemtoon dat die geïllustreerde vertalings slegs een vertaalmoontlikheid verteenwoordig. Daar word geensins geïmpliseer dat daar een ideale vertaling van 'n teks bestaan nie en die voorgestelde vertalings is inderdaad oop vir kritiek en heroorweging.

Theo Hermans (2007:61) verduidelik: "In any given translation there is a latent gesturing towards additional possibilities and alternative renderings. This gesturing accompanies individual translations insofar as they can always be attempted again and differently." Maar

dat verbeterende patrone en strategieë voorgestel kan word, word nie hierdeur uitgesluit nie. Hermans verduidelik verder (2007:69): “As, over time, translations intertextually endorse or berate one another […] the form of translation is condensed and confirmed into a series of patterns for further use.” Hierin lê die waarde van hervertaling dus.

2. Inleiding tot tekste en probleemstelling

Die swerfjare van Poppie Nongena (1978) het ontstaan na aanleiding van gesprekke oor twee jaar tussen die skrywer, Elsa Joubert, en haar huiswerker, “Poppie”, (wie se regte naam om veiligheidsredes nie onthul is nie). Dit handel oor die lewe van Poppie en haar familie, Afrikaanssprekende swart mense uit die Noord-Kaap, en vertel van hulle swaarkry onder die apartheidsregering. Dit lê klem op hulle alledaagse lewe en is nie hoofsaaklik polities gerig nie. Joubert voer in die boek se voorwoord aan dat die verhaal waar is en dat slegs name verander is. Tog verwys sy daarna as ’n “novel” in die Engelse vertaling, wat op gedeeltelike fiksionalisering dui. Die boek word dus as ’n roman beskou, en een wat ’n topplek in die rang van bekende Afrikaanse romans beklee.

Joubert se oorspronklike taalgebruik het sekerlik ’n beduidende bydrae tot die boek se sukses gelewer. ’n Paar sinne uit die openingsparagraaf dien hier as voorbeeld van Joubert, oftewel die karakter Poppie, se kleurryke taal:

> Ons is Gordonia-boorlinge, sê Poppie.
>
> My mama het ons vertel van onse grootouma Kappie, ’n ryk ou vrou wat met haar bokke geboer het in die rantjies anderkant Carnarvon. Haar van was Plaatjies en sy het die hoë stamneus gehad wat onse oompie Pengi van haar geërwe het.
>
> Sy het vir Mama-goed vertel van die ou dae en van die groot man, Donker Malgas, wat gedood is op die eiland in die Grootrivier.
>
> Sy het onse mama vertel van die runderpes en die beeste en skape wat vrek en van die Engelse Oorlog of die Imfazawe yamabulu, die oorlog van die Boere. (Joubert 1978:3)

Die streekstaal hier is dalk die opvallendste, met woorde soos “onse”, “geërwe”, “Mama-goed”en “oompie” wat stam uit Oranjerivierafrikaans. Die uittreksel bevat ook die Xhosa-woorde “mama” en “Imfazawe yamabulu”. Hierdie twee taalvariëteite word vergesel deur plattaal (sleng), verouderde Afrikaans en townshiptaal in die res van die boek, soos die volgende uittreksel toon:

> Hoe sit julle dan so? sê buti Hoedjie. Weet julle dan nie van die troewelheid in die lokasie nie?
>
> Hy sit op ’n kassie wat hy omdop. Die mense gaan strike vir die moeilikheid met die paste en die permits na Langa. En vir pound a day. (87)[3]

Hierdie taalvariëteite anker die teks kultureel en etnies en weerspieël die karakters se sosio-ekonomiese situasie. Die informele taalgebruik gee ook inligting oor die gemaklike verhouding tussen karakters en sê iets oor die aard van die informele situasies waarin kommunikasie plaasvind.

Die taalvariëteite maak die boek ook baie moeilik om te vertaal en die roman se oorspronklike "kleur" ontbreek in die Engelse vertaling.[4]

The long journey of Poppie Nongena is in 1980 plaaslik en in Engeland en Amerika uitgegee en die roman is internasionaal positief ontvang, ten spyte van die tekortkominge van die vertaling (waarvan die Engelssprekende lesers natuurlik onbewus sou wees). Talle veranderings is deur redakteurs in Londen aan die oorspronklike vertaling aangebring, maar die kenmerke van die vertaling wat problematies is, word in sowel die oorspronklike vertaling as die geredigeerde vertaling aangetref, wat daarop dui dat die probleme aan 'n onvanpaste vertaalbenadering toegeskryf kan word. Alhoewel Joubert se bedoeling was om die kultuur en sogenaamde geestesklimaat van die bronteks te behou, benadeel haar gebruik van taalstandaardisering en selfs stylverheffing die tekskarakter ingrypend. Joubert se strategie lei tot 'n gedeeltelike verplaasliking van die teks vanuit die doelteksleser se perspektief. Met ander woorde, die teks is tot 'n groot mate geskryf om taalkundig en stilisties aanvaarbaar te wees in die konteks van die doelkultuur, maar dit lei tot 'n kulturele en situasionele wanvoorstelling van die bronteks. Interkulturele vertaling bestaan wel onvermydelik in 'n sfeer van spanning tussen getrouheid teenoor die bronteks en aanvaarbaarheid vir die doelteksleser, want die teks moet natuurlik ook verstaanbaar wees vir die leser van die vertaling, maar aanvaarbaarheid is in hierdie geval oorbeklemtoon. Die verwysing na 'n spanningsfeer dui daarop dat 'n vertaling gewoonlik óf nie heeltemal getrou aan die bronteks óf nie heeltemal aanvaarbaar vir die brontekslesser is nie en Joubert maak wel tot 'n mate gebruik van "vervreemdende" vertaaltegnieke soos die gebruik van woorde en uitdrukkings uit Afrikaans en Xhosa in 'n poging om die bronkultuur te bewaar.

Die twee tegnieke wat hier bo verduidelik is, word deur House (1977, 1997 en 2009) onderskeidelik "covert translation" en "overt translation" genoem (hier onderskeidelik as *verskuilde vertaling* en *waarneembare vertaling* vertaal). Die doel van verskuilde vertaling is om 'n natuurlike, maklik leesbare teks te produseer deur middel van verplaasliking, waar waarneembare vertaling duidelik en skaamteloos as 'n vertaling herkenbaar is en gebruik maak van vreemde woorde en strukture om die bronkultuur te behou. Die probleem met Joubert se vertaling is dus dat die tegnieke van waarneembare vertaling ontoereikend toegepas is, wat tot betekenisverskuiwings of betekenisveranderinge lei.

Om te verstaan dat die verskille tussen die bronteks en die vertaling nie slegs "bykomende" tekselemente beïnvloed nie, maar die algehele teksbetekenis verander, moet die begrip *linguistiese betekenis* verduidelik word.

Linguistiese betekenis is al op verskeie maniere beskryf, maar die meeste modelle (bv. Ogden en Richards 1946, Nida 1964, Newmark 1991 en Chandler 2002) kom in hulle eenvoudigste vorm neer op 'n tweevoudige beskrywing van betekenis as denotasie en konnotasie. *Denotasie* verwys na die objektiewe, aanvaarde omskrywing van 'n woord en *konnotasie* na woordassosiasies. Register en dialek besit dan veral konnotatiewe betekeniswaarde.

Register is deur Halliday (1978:32) beskryf as "language in use" en is volgens drie kategorieë geklassifiseer, wat neerkom op die invloed van die onderwerp, interpersoonlike verhoudings en die rol of medium van die taal op woordkeuses of uitdrukkings.

Dialek is deur Baker (1992:15) beskryf as 'n taalvariëteit wat deur 'n spesifieke gemeenskap of groep sprekers gebruik word. Dialekte kan geklassifiseer word volgens gebied (byvoorbeeld Kaapse Afrikaans teenoor Oosgrensafrikaans), volgens tyd (soos verouderde taal teenoor moderne taal) en volgens klas (byvoorbeeld plattaal teenoor verhewe taal).

Register en dialek word deur Baker (1992:15) saamgegroepeer onder die term *opgeroepte betekenis* ("evoked meaning"). Opgeroepte betekenis dui uitsluitlik op die soort konnotatiewe betekenis wat uit die gebruik van dialek en register stam. Dialek en register is dus baie betekenisvol en nie net versierend of bykomend nie, omdat hulle waardevolle inligting verskaf oor die taalgebruikers en die situasies waarin kommunikasie plaasvind. In verband met hierdie funksies verskaf hulle baie meer inligting as wat deur verduideliking verskaf kan word. Die probleem met Joubert se vertaling kan dus op die semantiese vlak beskryf word as 'n ontoereikende oordrag van opgeroepte betekenis (wat stam uit 'n onvanpaste vertaalbenadering).

3. Modelle vir vertalingontleding

House se twee vertaalbenaderings en die spanning tussen getrouheid en aanvaarbaarheid sluit aan by 'n tweevoudige beginsel waarvolgens die gehalte van vertalings bepaal kan word. Van Leuven-Zwart (2004:301) identifiseer twee kategorieë waarvolgens vertalings oor die algemeen beoordeel word: kreatiwiteit en getrouheid. Met *kreatiwiteit* verwys sy na die estetika en vloeibaarheid van 'n vertaling en met *getrouheid* na die mate waartoe die vertaling die oorspronklike teks korrek verteenwoordig. Sy meen dat literêre vertalings dikwels hoofsaaklik volgens die kreatiwiteitsmaatstaf beoordeel word, aangesien vertalings maklik as goed beskryf word wanneer hulle maklik lees en literêr-estetiese gehalte toon.

Lawrence Venuti (2008) beskryf dieselfde tendens in die Engelse vertaalsfeer. 'n Vloeiende, mooi vertaling kan nogtans 'n onakkurate weerspieëling van die oorspronklike teks wees, en die vertaler se persoonlike kreatiwiteit mag die oorspronklike tekskarakter oorheers. Die Engelse vertaling van *Die swerfjare van Poppie Nongena* bevat ongetwyfeld pragtige taalgebruik en sou dus 'n goeie punt in die kreatiwiteitsafdeling verwerf, maar die vraag is of hierdie taalgebruik 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks is in terme van dialek en register. Daar sal dus in die bespreking van die Engelse vertaling veral klem gelê word op die getrouheidsmaatstaf, en die toepaslikheid van die taalgebruik in terme van dialek en register sal bevraagteken word.

Buiten Van Leuven-Zwart (2004) se beginsels sal 'n aangepaste weergawe van House se eerste model vir vertalingsgehalte-assessering (1977)[5] gebruik word om die oordrag van dialek en register in *The long journey of Poppie Nongena* te ontleed. House se model is gekies omdat dit register en dialek, oftewel taalgebruikersdimensies en taalgebruiksdimensies, as die vergelykingskriterium, of *tertium comparationis*, neem – wat die betekeniswaarde van hierdie elemente beklemtoon. Die model bestaan eerstens uit 'n beskrywing van die bronteks op grond van die twee soorte dimensies wat pas genoem is om die tekstuele funksie te bepaal. Daarna volg 'n vergelyking van die bron- en doeltekste op grond van dieselfde kriteria om die ooreenkomste tussen die twee tekste te bepaal. (Dit is dus duidelik dat House, nes Van Leuven-Zwart, die getrouheidsfaktor belangrik ag, alhoewel estetiese tekseienskappe ook deur middel van register- en dialekontleding gedek kan word). House se taalgebruikersdimensies stem ooreen met Baker se definisie van dialek en sluit 'n beskrywing van die taalgebruikers se geografiese oorsprong en sosiale klas en die tydperk wat hulle taal verteenwoordig in. House se model is in terme van hierdie klassifisering van dialek aangepas om ook voorsiening te maak vir 'n kultuurdimensie. Hieronder kan taalvariëteite wat aan kultuur of etnisiteit gebonde is, beskryf word. (Dit is vreemd dat House se model nie voorsiening maak vir die beskrywing van kulturele taaldimensies nie, aangesien sy haar met interkulturele vertaling bemoei). House se taalgebruiksdimensies verskil van Halliday (1978) se beskrywing van register wat benaming betref maar kom neer

op ’n soortgelyke klassifisering. Hierdie dimensies sluit medium, deelname, sosialerol-verhouding houding en vakgebied in (House 1997:39).

Die ontledingsdimensies kan dus op die volgende manier opgesom word:

Taalgebruikersdimensies (dialek)
Geografiese oorsprong
Sosiale klas
Tydperk
Kultuur

Taalgebruiksdimensies (register)
Medium
Deelname
Sosialerol-verhouding
Sosiale houding
Vakgebied

5. Bronteksontleding

Alhoewel die studie waaroor daar hier verslag gedoen word, bestaan uit ’n volledige bronteksontleding, gevolg deur ’n volledige vergelyking van die bronteks met die vertaling, sal slegs twee tekseienskappe in hierdie artikel beskryf en vergelyk word. Sosiale dialek en informele register (waarvan die laasgenoemde onder sosiale houding val) is die twee soorte taalvariëteit in *The long journey of Poppie Nongena* wat die grootste teenstrydigheid met die bronteks toon. Die probleem met die oordrag van hierdie twee taalvariasies kan ook taamlik maklik opgelos word deur ’n volledige gebruik van die strategieë van waarneembare vertaling en hulle is daarom gekies vir beskrywing en vergelyking. Hier onder volg ’n beskrywing van die gebruik van hierdie twee variëteite in *Die swerfjare van Poppie Nongena* en hulle invloed op die betekenis van die roman.

4.1 Sosiale dialek en informele register

Plattaal en informele taal kan van die perspektief van óf dialek óf register benader word. Alhoewel Baker (1992:16) hierdie taalelemente onder register beskryf, mag hulle ook as dialekties gesien word indien hulle kenmerkend is van die sprekers se klas en nie uitsluitlik situasioneel gebruik word nie. In die geval van *Die swerfjare van Poppie Nongena* kan plattaal en informele taal oor die algemeen hoofsaaklik as sosiale dialek beskou word, omdat hulle by die meeste karakters in verskillende situasies in algemene taalgebruik voorkom. In hierdie konteks dui hulle die lae sosio-ekonomiese klas aan waartoe die karakters behoort. Natuurlik sê die gebruik van hierdie variëteite ook iets oor die informele verhoudings wat tussen die meeste karakters bestaan, en dra hulle ook by tot register. Geen poging sal aangewend word om plattaal en informele taal streng volgens dialek of register te skei nie en hierdie twee kategorieë word dus saamgegroepeer. In *Die swerfjare van Poppie Nongena* word hierdie twee taalvariëteite aangetref in die vorm van kodewisseling, verkeerde taalgebruik, vloekwoorde en ongeklassifiseerde informele woordeskat. Hierdie manifestasies van sosiale dialek en informele register sal elkeen afsonderlik bespreek word om hulle bydrae tot tekskarakter vas te stel.

4.1.1 Kodewisseling

Een van die mees opvallende eienskappe van *Die swerfjare van Poppie Nongena* is die baie gereelde gebruik van kodewisseling (streng gesproke taalwisseling) hoofsaaklik tussen Afrikaans en Engels, maar ook tussen Afrikaans en Xhosa. Poppie se broer Mosie besit 'n besondere idiolek wat kodewisseling as 'n eienskap van plattaal of informele taal goed ten toon stel, dikwels met 'n amusante effek. Die volgende uittreksel verteenwoordig 'n kenmerkende voorbeeld van Mosie se taal:

> Buti Mosie skryf vir Poppie: Ons het oor die wireless gehoor en ons het gedink julle huis het op julle omgeval. My swaertjie was geworried like en toe kom sy vriendjie van die bachelor quarters om te sê hy's baie siek, hy't van die werk af gekom, maar hy kan nie praat nie. Die very selfde persoon wat my kom sê het, het so 'n blou vantjie, toe sê ek vir hom hy moet my met die vantjie vat na my swaertjie toe. Toe's daar baie ander vriende by hom en hulle probeer nou die home-made dokterbesigheid, maar ek sê: Kom ons vat hom en rush hom dokter toe. […] Toe vra ons die receptionist of ons nie die man gou kan deurvat surgery toe nie. (160–1)

Ook Poppie se taal bevat dikwels kodewisseling, soos die volgende voorbeeld bewys:

> En as die merry-go-round nou kom, was dit baie lekker. Ons het op die swings gery en op die perdjies. Dit het naby die lokasie gestaan en ons het gery vir 'n sikspens. Die ander het getraai om die horlosies te wen, maar ek het van die swings gehou. (36)

In sommige gevalle behou Engelse woorde hulle oorspronklike ortografie, soos in die meeste voorbeelde in die bostaande uittreksels. In ander gevalle word Engelse woorde volgens Afrikaanse konvensies geskryf. Voorbeelde sluit woorde soos "kollek" (14), "tep" (14), "gemiekste" (20), "kyste" (21) en "getraai" (36) in.

Hierdie twee aanhalings toon dat kodewisseling tussen Afrikaans en Engels nie slegs situasioneel gebruik word nie, aangesien dit deur verskillende karakters in alledaagse situasies gebruik word. Die inligting wat dit verskaf, betref hoofsaaklik die karakters se vlak van opvoeding, aangesien iemand met 'n hoër vlak van opvoeding dikwels 'n "suiwerder" taal sal praat. 'n Laer opvoeding gaan hier gepaard met 'n laer inkomste, wat ander karakteriserende implikasies het.

Kodewisseling met sy gepaardgaande informaliteit getuig ook van 'n vertroudheid en gemaklike verhouding tussen die meeste karakters en stel selfs 'n soort sleng daar.

Dit is duidelik dat hierdie soort taal, wat ook by die meeste ander karakters aangetref word, in terme van assosiatiewe en emotiewe gehalte baie tot die teks bydra. Dit verteenwoordig ook die eenvoudige aard van die karakters, wat sonder skroom of voorgee tale meng, dalk selfs onbewustelik.

Alhoewel baie Xhosawoorde in *Die swerfjare van Poppie Nongena* voorkom, kan hulle gebruik oor die algemeen nie streng gesproke as kodewisseling geklassifiseer word nie, aangesien Xhosawoorde in die meeste gevalle gebruik word om elemente van die Xhosakultuur te beskryf en nie, soos kodewisseling tussen Afrikaans en Engels, hoofsaaklik informaliteit uitdruk nie. Xhosawoorde word ook in amper elke geval van 'n verduideliking voorsien en besit self geen semantiese waarde vir die Afrikaanse leser wat onbekend is met Xhosa nie. Xhosawoorde soos "tata" en "buti", wat deurgaans gebruik word, funksioneer effens anders, omdat hulle wel betekenis aan die leser oordra as gevolg van verwantskap

met Afrikaans en omdat hulle wel tot informaliteit bydra. Sulke woorde is egter tot 'n klein aantal beperk en het nie dieselfde effek as kodewisseling tussen Afrikaans en Engels nie.

4.1.2 Verkeerde taalgebruik

Verkeerde taalgebruik is ook 'n opvallende kenmerk van die teks. Alhoewel sommige mense mag stry teen die gebruik van die woord *verkeerd* in hierdie konteks, aangesien dit net volgens voorskriftelike grammatikareëls as sodanig beskou kan word en dalk eerder as *niestandaard* beskryf moet word, word die woord *verkeerd* verkies omdat dit die tersaaklike spraakverskynsel direkter beskryf.

Voorbeelde van verkeerde taalgebruik sluit onder andere die volgende paar voorbeelde in: "Sy was nie sonder gelerentheid nie" (5); "Ons het nie Xhosa gekon praat nie" (6);"Anders is cleaners, anders is packers" (33);"Wil Mama dan hê ek moet daai ou goed gevat het?" (42); "agterkant van geweers […] onder die poelisse en soldade" (94); en "Die dokter het hom geondersoek" (161).

Hierdie lys is geensins volledig nie, maar demonstreer die informaliserende uitwerking van hierdie taal op die teks. Verkeerde taalgebruik dien as bevestiging van die laer sosio-ekonomiese klas waartoe die karakters behoort en van hulle lae vlak van opvoeding. Verder verteenwoordig dit weer eens 'n informele kommunikatiewe of narratiewe situasie.

4.1.3 Vloekwoorde

Vloekwoorde kom nie baie gereeld in die teks voor nie en is beperk tot die karakters Pengi, Plank en Hoedjie. Vloekwoorde is egter hoogs karakteriserend en word beide situasioneel (veral tydens dronk-episodes) en algemeen (as 'n kenmerk van sosiale dialek) gebruik. Die volgende sinne dien as voorbeeld van een van die bogenoemde karakters, Pengi, se sterk taalgebruik:

> Maar as Plank se vingers die snare nie wil los nie, dan skreeu [Pengi]: Jou dooie donner, waar sit jou donnerse ore, in jou gat? […] God, Ma, as jy vir ou Pieterse roep, slaat ek hom in sy donner in. Jy kan vir my 'n witman gaan roep, geen Damara-bobbejaan sal vir my kom vang nie. […] Daai meid sal hom in sy moer in vat, sy sal hom verniel soos ek verniel is. (20)

Hierdie voorbeelde dien as aanduiding van die hoëvlak emotiewe betekenis wat sterk taalgebruik uitdruk. Hierdie soort taal is in terme van sosiale dialek duidelik hoogs karakteriserend en in terme van situasie hoogs beskrywend in vergelyking met standaardtaal en word baie effektief deur Joubert benut.

4.1.4 Ongeklassifiseerde informele woordeskat

Daar is ook talle ander taamlik algemene informele woorde wat nie tot die bogenoemde kategorieë behoort nie en minder opvallend is in vergelyking met die treffende variëteite wat reeds genoem is. Algemene informele woorde in die teks sluit woorde soos "anderste" (53), "manne" (58), "skrou" en "grou" (138), "daai" (265) en "hierso" en "daarso" (265) in. Hierdie woordeskat weerspieël die informele register en sosiale dialek wel op 'n subtieler manier, maar dit vervul dieselfde algemene funksie.

4.2 Funksiestelling van taalvariëteite

Die funksie van ’n teks, of van ’n taalvariëteit in hierdie geval, kan volgens House (1997:34–5) breedweg met die woorde “ideasioneel” en “interpersoonlik” beskryf word, wat terugverwys na die twee basiese soorte linguistiese betekenis, denotasie en konnotasie. ’n Teks wat hoofsaaklik ideasioneel is se hooffunksie is om inligting te verskaf, maar ’n teks wat hoofsaaklik interpersoonlik is, lê klem op die uitdrukking van die spreker se houdings en sy of haar invloed op die leser se houding en gedrag. Om die funksie van die ondersoekte teks te bepaal, sal hierdie kategorieë gebruik word in ooreenstemming met House se model.

Die gekonsentreerde gebruik van veral sosiale dialek en informele register in *Die swerfjare van Poppie Nongena* lei tot die op die voorgrond treding van die interpersoonlike teksfunksie. Die ideasionele doel van die teks is om biografiese en geskiedkundige inligting te verskaf oor die lewe van Poppie en haar familie, wat natuurlik belangrik is, maar die uitdrukking van hierdie inligting vind plaas binne ’n ingewikkelde taalkundige konteks, wat groot waarde aan die manier van uitdrukking toevoeg. Sosiale dialek besit ’n sterk karakteriserende funksie, wat die laer sosio-ekonomiese klas van die karakters met hulle lae vlak van opvoeding uitdruk. Informele register dui op ’n informele en gemaklike verhouding tussen karakters, wat duidelik ’n interpersoonlike klem het. Dus: aangesien die roman se taal ’n sterk interpersoonlike element bevat en nie hoofsaaklik die oordrag van inligting as doel het nie, is dialek en register van uiterste belang.

5. Bronteks- en doelteksvergelyking en vertalingontleding

Voordat sosiale dialek en informele register in *The long journey of Poppie Nongena* ontleed word, sal ’n kort inleiding tot die vertaling gegee word, waarin Elsa Joubert se vertaalstrategie verduidelik word soos sy dit in ’n artikel in *Tydskrif vir Letterkunde* (1982) beskryf het. Daarna sal daar gekyk word na die maniere waarop Joubert wel van strategie van waarneembare vertalinge gebruik maak. Alhoewel dit uit hierdie lys strategieë mag blyk dat Joubert baie goeie tegnieke gebruik om die oorspronklike tekskarakter en kultuur oor te dra, sal daar aangetoon word dat hierdie strategieë nie volledig toegepas is nie en deur onvanpaste taalgebruik benadeel word.

5.1 Joubert se vertaaltegniek

In ’n artikel, “Die vertalings van *Die swerfjare van Poppie Nongena*”, in *Tydskrif vir Letterkunde* (1982) beskryf Elsa Joubert die uitdagings wat hierdie ingewikkelde teks aan die vertaler bied en die strategieë wat sy gebruik het om hierdie “struikelblokke” aan te pak. Toe ’n Engelse vertaling oorweeg is, het baie mense gemeen vertaling sou onmoontlik wees, aangesien hulle geglo het dat die taal die verhaal is (Joubert 1982:93). Alhoewel Joubert nie saamstem dat die taal die verhaal is nie (1982:94), erken sy dat daar ’n nou verwantskap tussen die twee bestaan, wat vertaling bemoeilik. Die verweefde aard van taal en verhaal verteenwoordig die eerste van drie vertaalprobleme wat Joubert identifiseer. Die gebruik van dialek of informele en gebroke taal, is die tweede struikelblok, wat ook in hierdie artikel as belangrik geag word. Die derde struikelblok wat Joubert noem, die gebruik van die historiese verlede tyd, sal nie hier bespreek word nie, omdat dit nie hier werklik as ’n struikelblok beskou word nie.

In verband met ’n oplossing vir hierdie vertaalprobleme maak Joubert ’n paar interessante opmerkings. Daar is reeds genoem dat Joubert nie saamstem dat die taal die verhaal is nie. Sy glo egter dat die taal wel ’n soort geestesklimaat verteenwoordig (1982:94). Haar doel

met die vertaling was om hierdie klimaat in Engels oor te plaas. Sy gebruik musiekterme om dit te beskryf en sê dat indien die oorspronklike in B-mol geskryf is, die vertaling in dieselfde sleutel moet bly.

Joubert het baie voorstelle ontvang oor hoe om die probleem van dialek op te los. Een was om Soweto-sleng te gebruik. Hierdie voorstel is verwerp omdat dit nie die geografiese oorsprong van die karakters verteenwoordig nie (1982:94). Voorstelle om "Capey" Engels of Cockney te gebruik is om dieselfde rede verwerp. Sy het toe besluit om eenvoudige Engels te gebruik en sekere Afrikaanse en Xhosawoorde te behou. Die vreemde uitdrukkings sou die eenvoudige Engels 'n soort "andersheid" gee, wat tot die oordrag van die oorspronklike geestesklimaat sou bydra (1982:94). Sy het egter erken dat 'n mate van verlies onvermydelik was, aangesien sekere uitdrukkings onvertaalbaar is. Alhoewel Joubert dit nie uitdruklik noem nie, behels haar strategie dus waarneembare vertaaltegnieke om die struikelblok van kulturele behoud op te los. Wat sosiale karakterisering betref, meen Joubert dat "verkeerde" taal ook in Engels gebruik moes word, maar haar siening is ongelukkig nie deur die taalredakteur, Margaret Body, gedeel nie, en die teks bevat slegs 'n paar gevalle van verkeerde taalgebruik.

Joubert se strategie van eenvoudige Engels en waarneembare vertaaltegnieke blyk inderdaad 'n verstandige oplossing te wees tot die problematiese vertaalsituasie, en alhoewel sewe verskillende strategieë van waarneembare vertaling deur Joubert gebruik word, sal daar onder die volgende opskrif aangetoon word dat hierdie strategieë ontoereikend toegepas is en voortgebring is deur die gebruik van formele taal. Alhoewel die onvoldoende uitvoer van Joubert se voorgestelde strategieë taamlik sterk gekritiseer word, word die beperkende omstandighede erken waarin vertalings as "kommoditeit" geproduseer word. Beperkings deur veral uitgewers en die behoeftes van die oorsese mark word as praktiese beperkings aanvaar wat nie in die hervertaling tersaaklik was nie en dus 'n groter mate van vryheid toegelaat het. Die ontoereikende uitvoer van Joubert se voorgestelde strategieë word dus gedeeltelik aan praktiese vereistes toegeskryf. Die strategieë van waarneembare vertaling wat wel gebruik is, behels die gebruik van vreemde woorde, die nabootsing van Afrikaans, die behoud van Afrikaanse name, die direkte vertaling van idiome, die nabootsing van dialek, die gebruik van plattaal, verkeerde en informele taal en die behoud van Afrikaanse liedjies, rympies en gebede.

5.2 Vergelyking van bron- en doelteks

Met Joubert se voorgenome vertaalstrategie in gedagte kan 'n vergelyking van die bron- en doeltekste onderneem word om te bepaal tot watter mate haar strategie sy doel bereik en tot watter mate die opgeroepte betekenis van die bronteks behou word. In ooreenstemming met die doel van die navorsing sal daar veral op betekenisverskuiwings[6] as gevolg van 'n verandering in taalvariëteit gefokus word.

Die grootste area van betekenisverskuiwing in *The long journey of Poppie Nongena* is in die oordrag van sosiale dialek en informele register, wat, soos vroeër verduidelik is, om verwantskapsredes nie geskei sal word nie. Die voorbeelde wat in hierdie afdeling genoem word, is dus van toepassing op beide sosiale dialek en informele register en die ontleding sal die getrouheidsfaktor asook literêre estetika in ag neem.

Die hoofbetekenisverskuiwing wat hier uitgewys word, het te doen met Joubert se gebruik van 'n soort taal wat te gesofistikeerd is vir die karakters en nie die eenvoudige spreektaal van die bronteks verteenwoordig nie. Betekenisverskuiwinge wat ontstaan as gevolg van woordeskat- en uitdrukkingskeuses sal eerste bespreek word en daarna sal verskuiwinge

wat stam uit strukturele formaliteit uitgelig word. Laastens sal die maniere waarop sosiale dialek in die bronteks daargestel is, weer ondersoek en vergelyk word.

5.2.1 Betekenisverskuiwing as gevolg van woordeskat en uitdrukking

Joubert se vertaling maak herhaaldelik gebruik van woorde en uitdrukkings wat formeler is as dié in die oorspronklike taal. In die eerste vergelyking bevat die uittreksel uit die Engelse teks ’n aantal woorde wat ’n verhewe sosiale dialek of formele register verteenwoordig, wat in teenstelling is met die eenvoudige taal van die bronteksuittreksel, wat eerste gegee word. Formele woorde is in die Engelse aanhaling in skuinsdruk.

Bronteks

> Grootma Martha van Staden het op Putsonderwater gebly, sê Poppie, en grootpa Fanie het op die railways gewerk. Kleinma Hessie en kleinpa Ruben het ook daar gebly, Kleinpa was ’n poeliesman op die railways. Soggens vroeg in die halfdonker kom die oompies uit die huise in die lokasie, so een-een uit die halfdonker kom hulle nader en loop na die railway-jaart. Anders het op die trollie gaan sit, anders het die trollie gestoot, dan gaan werk hulle ver uit op die lyn. En as Grootpa nou huis toe kom, is ons altyd so bly, want hy kom met die stukkie brood wat hy oorgelos het van die kos wat hy werk toe vat. Hy het so ’n blou emmertjie wat ons die billie geroep het, met ’n dekseltjie op, en daarin het hy magou gedra en brood. Dan sien ons ver van waar ons teen die rantjie sit dat die trollie kom, dan het ons altyd gehardloop vir daai stukkie brood, dit was vir ons die lekkerste. (9)

Joubert se vertaling

> Mama was working in De Aar *for our keep*, and ouma worked sleep-in with white people in Upington to help earn money for us. So Plank and Mosie went to live with kleinma Hessie and kleinpa Ruben at Putsonderwater, and Hoedjie and I lived there too, but with grootma Martha and grootpa Fanie who worked on the railway. We lived in the location close to the *railyard*. Early in the morning, the oompies went off on a trolley to a far place on the railway line where they worked. We liked it so much when grootpa came home because he left us a *chunk* of bread in his billie can. It was a small blue *pail* with a lid in which he took magou and bread to eat at work. We would watch from the small koppie to see the railway trolley coming home along the line, then we *raced* to meet him, *on account of* the chunk of bread that we knew he had saved for us. That was good. (1980:19)

Die verskil in sosiale dialek is duidelik sigbaar in die vergelyking van hierdie twee uittreksels. Aan die een kant maak Joubert tog gebruik van informele woordeskat, soos die woord “oompies”. Aan die ander kant word formele uitdrukkings soos “for our keep” en woorde soos “pail” gebruik, wat nie met informele diskoers geassosieer word nie. Hierdie woorde gee die teks ’n skyn van elegansie wat nie by die sosiale situasie van die karakters pas nie. Dieselfde geld vir “raced” en “on account of”, wat ook ’n effens verhewe eienskap besit en nie die karakters verteenwoordig nie. Verder kon die “anders … anders”-konstruksie wat volgens De Klerk (2003:470) in Xhosa-Engels as “others … others” voorkom, behou gewees het.

Dieselfde verskuiwing is sigbaar in die volgende voorbeeld, waarin formele woorde en spelling beklemtoon word:

Bronteks

> Ons was so dom, ons het nie eens geweet wat word gedoen nie, ons het net geweet dis abakwetha. Die mooiste vir ons was as die manne so kieriespeel en hulle singe sing as hulle die seuns na die bos toe vat. Hulle slaat mekaar met die kieries, dit was vir ons lekker. Daar word bier gemaak en die vrouens dans en sê hulle se dinge. Die seuns word kaalkop geskeer en witgesig gesmeer en van die lokasie af weggevat met niks klere aan nie, net die komberse om. (26)

Joubert se vertaling

> We were *really very ignorant*, we never knew what they did to the boys in the bush, that they cut the foreskin to *make men of them*. We just knew it was abakwetha. They boys' heads were shaved and their faces smeared with white clay and they were led away from the location *quite naked*, with only their blankets covering them. We liked watching the older men dancing and *mock-fighting* with their kieries and singing all the time as they took the boys from their parents. Sometimes they really *hit out* at *one another* and we liked that. Lots of beer was made and the women danced and *had a lot to say about it all*. (1980:42)

Die vertaling van "so dom" as "really very ignorant" en "met niks klere aan nie" as "quite naked" is tipiese voorbeelde van die betekenisverskuiwing wat in Joubert se vertaling aangetref word. Die bostaande uittreksel wil amper in 'n deftige Britse aksent gelees word en klink beslis nie soos die woorde van 'n Afrikaanse swart vrou nie.

Om hierdie verskynsel verder te illustreer, word 'n kort en geensins volledige lys nie verskaf van woorde wat 'n soortgelyke formaliteitsteenstrydigheid toon. Hierdie woorde kom slegs uit die eerste 10 hoofstukke.

Tabel 1. Voorbeelde van formaliteitsteenstrydigheid

Bronteks (Joubert 1978)	**Joubert se vertaling (Joubert 1980)**
Agtermense (4)	Forebears (12)
Haar susters se name (5)	Names her sisters bore (13)
Soek (6)	Search (14)
Krummels vir die vuuraansteek (7)	Kindling (16)
As jy dit gewoond is (7)	If one is used to it (17)
Skepding (9)	Ladle (18)
Al slaat hy hom half dood (10)	Even if he got caned (20)
Manne wat omval (11)	Men toppling (21)
Grootma Martha het nie sulke goed nie (11)	Grootma Martha's life was too sparse (21)
Word sy bang (11)	Her heart contracted (21)
Walletjies (11)	Hillocks (21)

Koletreine (11)	Freight trains (21)
Sê (12)	Claim (22)
Beeste (12)	Cattle (22)
Met handepraat (16)	Beckoning (28)
Om werk oop te maak (17)	Stilled their mind to the work (29)
Baie netjies (19)	Neat on their persons (32)
Lekker dronk (19)	Tippled (32)
Iemand wat baie siek is (20)	A body that has been stricken with illness (34)
Boude (21)	Buttocks (35)
Skeef (22)	Awry (36)
Twaalfuurkos (22)	Midday meal (36)
Hulle tel vir Poppie op en gee haar aan (23)	They bodily handed her over (38)
Inmekaarkrimp (27)	Cringing (43)
Onder hom inkry (27)	Thrust in (43)
En dis slegter as Xhosas (28)	The Fingos were of lower caste (44)
Tot vandag toe (28)	Up to the present day (44)
As sy siek is (28)	When she fell ill (44)
Suinig (28)	Mean (44)
Lê die kamer vol (27)	Strewn about (45)
Lena begin te huil (27)	Lena wept (45)
Geklim (28)	Clambered (45)
Die kerk gelos (29)	Cast away his church (46)
Jou ouma se bene pla (30)	Your ouma's legs are plaguing her (47)

Die literêre styl van Joubert se vertaling is maklik sigbaar in haar keuse van woorde en uitdrukkings, soos in die tabel opgesom is, en hierdie styl weerspreek duidelik die sosiale register van die bronteks.

5.2.2 Verskuiwing as gevolg van strukturele formaliteit

Formaliteit word nie net leksikaal daargestel in Joubert se vertaling nie, maar ook struktureel. Ingewikkelder strukture soos die lydende vorm en komplekse tydskonstruksies word volop gebruik, wat teksformaliteit tot 'n groot mate beïnvloed. Strukture soos die lydende vorm kom inderdaad in die bronteks voor, en die Engelse tydsvorme wat gebruik is, mag wel grammaties die korrekste wees, maar die effek wat hulle in Engels het, verskil van die effek van hulle gebruik in Afrikaans. Dit lei tot 'n baie subtieler soort verskuiwing as wat

onder die vorige opskrif beskryf is en die vertaling van sulke strukture plaas 'n gevoel vir effense nuanseverskille bo grammatiese getrouheid. Ingewikkelde strukture word egter ook gebruik in gevalle waar hulle nie in die bronteks voorkom of andersins deur die bronteks geverg word nie.

Die volgende uittreksel bevat die lydende vorm, parentetiese stellings en *would*-verledetydkonstruksies, wat kenmerkend is van geskrewe diskoers of formele gesproke diskoers en te formeel is in vergelyking met die bronteks.

Bronteks

> Ons het vir bene gesoek in die vullishope van die lokasie. Ouma krap met haar stok in die vullishope, onder die as en die ou blikke en die vullis, sy lig met haar stok die bene en krap dit oop en sê: Poppie, daarso's jou been. […]
>
> Sy sit die blik op die lap-kussinkie op my kop en ons loop met die grootpad same na waar die witmense bly. Plank en Hoedjie dra die paraffienblik vol bene vir onse ouma en Ouma dra die sak met bene op haar kop. […]
>
> Plank en Hoedjie kry nie geld nie en ook nie nikkerballs nie. (8–9)

Joubert se vertaling

> We searched for bones in the rubbish dumps of the location. Ouma *would* poke her stick in the rubbish heap and, *scratching* around amongst the ash and the old rusty tins and the garbage, pry the bones loose with the tip of her stick and scratch the filth away *saying*: Poppie, there's a bone for you. […]
>
> She *would* settle the tin on the little cushion of rags on my head and *we'd* take the main road to where the white people lived. Plank and Hoedjie carried a big paraffin tin filled with bones, *hanging* on a stick balanced on their shoulders, and ouma carried a big bag on her head. […]
>
> Plank and Hoedjie *were given* neither money nor niggerballs. (1980:18)

In hierdie uittreksel is die ingewikkelde strukture wat gebruik is, oortollig. Die gebruik van die strukture is hier 'n doelbewuste stilistiese keuse en die formaliteitsverskuiwing en die neiging na 'n geskrewe diskoersstyl wat hulle tot gevolg het, is duidelik.

5.2.3 Ongeklassifiseerde informele woordeskat, kodewisseling, verkeerde taalgebruik en vloekwoorde

In die bronteksontleding is vier maniere bespreek waarop sosiale dialek in *Die swerfjare van Poppie Nongena*daargestel word: kodewisseling, verkeerdetaalgebruik, vloekwoorde en ongeklassifiseerde informele woordeskat. In hierdie afdeling word daar gekyk na die manier waarop Joubert hierdie soorte taalgebruik benader het. Die volgorde waarin hierdie soorte informele taal onder die bronteksontleding bespreek is, sal hier egter verander word as gevolg van die opmerkings wat reeds oor die vertaling gemaak is.

5.2.3.1 Ongeklassifiseerde informele woordeskat

In tabel 1 is woordeskat reeds tot ’n mate bespreek en daar is aangetoon dat Joubert van ’n meer “literêre” woordeskat gebruik gemaak het. Daar is egter iets wat bygesê kan word. Nie net is meer formele woorde gebruik nie, maar woorde wat duidelik informeel is, is dikwels neutraal vertaal. Die kort vergelyking hier onder illustreer hierdie tendens.

Tabel 2. Voorbeelde van neutralisering

Bronteks (Joubert 1978)	**Vertaling (Joubert 1980)**
Anties (4)	Aunts (12)
Glad met sy bek (4)	A great talker (12)
’n Jollie ou (15)	Good fun (27)
Kafferbier (19)	Beer (32)
Ek slaat hom in sy donner in (20)	I’ll knock him down (33)
Dat die drank hom verniel (29)	That the drink took hold of him (46)
Daai ou goed (42)	These old men (63)
Poeliesse (84)	Police (116)
Miskien het die skollies hom gepak (84)	Perhaps the skollies have attacked him (116)

Die vertaling word dus nie net deur formaliteit gekenmerk nie, maar deur neutraliteit in plaas van informaliteit. Dikwels is informele taal moeilik om te vertaal, indien nie onmoontlik nie. Sulke woorde is as gevolg van ontbrekende ekwivalente nie in die lys gevoeg nie en die vertaling van hierdie woorde verg vergoedingstrategieë om konnotatiewe betekenis te behou. Vergoedingstrategieë word ongelukkig nie baie dikwels deur Joubert gebruik nie.

5.2.3.2 Kodewisseling

Kodewisseling is natuurlik problematies wanneer die internasionale leser in ag geneem word. Alhoewel Afrikaanse woorde in die Engelse vertaling gebruik word, vervul hulle hoofsaaklik ’n kulturele funksie en word hulle nie hoofsaaklik as merkers van informaliteit gebruik soos wat Engelse woorde in die bronteks gebruik word nie. Selfs sekere Afrikaanse woorde wat wel ’n informaliserende effek in Engels mag hê, soos “ouma”, “oompie”, “ja” en “ag”, sou nie deur die internasionale leser as informeel herken word nie. Joubert se vertaling kan dus in hierdie verband nie gekritiseer word nie, aangesien die internasionale gehoor slegs matige gebruik van Afrikaanse woorde toelaat.

5.3.2.3 Verkeerde taal

Wat verkeerde taal betref, is daar reeds genoem dat die uitgewers van die Engelse vertaling nie ten gunste van hierdie soort taal was nie. Verkeerde taal is egter wel in ’n paar uitsonderlike gevalle gebruik, soos in die volgende twee sinne: “I said: I don’t have a pass. My mother has got some papers, ja, but I never had no papers myself” en “I was upset, I said: They catched me, oompie Japie” (1980:88). Hierdie taalgebruik sou baie suksesvol wees indien dit konstant gebruik word, maar omdat dit afwisselend met formele taal gebruik

is, is dit baie opvallend en sluit dit nie aan by die algemene taalgebruik in die vertaling nie. Aangesien korrekte taalgebruik heers, is formaliteit in die vertaling verhef in vergelyking met die oorspronklike teks. Hierdie verskuiwing verteenwoordig 'n wanvoorstelling van veral die karakters se opvoeding en sosiale status.

5.3.2.4 Vloekwoorde

Woorde met 'n baie hoë emotiewe waarde, soos vloekwoorde, is waarskynlik een van die grootste uitdagings in vertaling en dit is geen wonder nie dat sulke taal in Joubert se vertaling dikwels nie ooreenstem in terme van uitdrukkingskrag nie, of 'n wanvoorstelling van die karakters bied. Karaktervoorstelling is natuurlik in die geval van hierdie artikel veral van belang. In die vertaling van hierdie taalvariëteit is 'n formaliteitsverskuiwing sigbaar. Die vertaling van "Kruip in julle moer in" (9) as "Go to Hell, crawl up your bloody arses" (1980:57) is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die woorde "bloody" en "arses" sou nie gewoonweg by 'n swart spreker van die karakter se sosio-ekonomiese klas aangetref word nie. Die woord "bloody" sou eerder as "bleddie" aangetref word en die verlengde *a*-klank in "arse" kom nie algemeen in swart Suid-Afrikaanse Engelse uitspraak voor nie. Alhoewel hierdie vertalings dalk dieselfde emotiewe waarde as die bronsin mag besit, verteenwoordig hulle nie die spreker (Plank) se sosio-ekonomiese situasie nie. Die woord "bloody" kon meer realisties as "bleddie" geskryf word en "arses" kon dalk heeltemal verander word. Daar is in hierdie geval dus 'n verskuiwing in sosiale karakterisering.

5.3 Gehaltestelling

Die vergelyking van sosiale dialek en informele register in die bronteks met die verteenwoordiging van hierdie taalvariëteite in die vertaling toon dat 'n hoër leksikale en strukturele formaliteit en 'n algehele literêre afwerking in die Engelse vertaling tot verskuiwings veral in die sosio-ekonomiese verteenwoordiging van karakters lei. Aangesien die doel van die teks nie hoofsaaklik pragmaties is nie en die interpersoonlike teksfunksie die prominentste is, verteenwoordig hierdie verskuiwings nie net stylveranderinge nie, maar betekenisveranderinge. Van Leuven-Zwart (2004) se siening dat 'n vertaling goed geskryf mag wees, maar nie verteenwoordigend van die bronteks mag wees nie, geld dus in hierdie geval. Veral die afwesigheid van 'n absolute toepassing van strategieë van waarneembare vertaling maak die vertaling ontoereikend, aangesien die gedeeltelike eksotisering en gedeeltelike verplaasliking teenstrydigheid tot gevolg het.

6. Hervertaling

Waarneembare vertaalmetodes wat tot die behoud van opgeroepte betekenis kan lei, sal in hierdie afdeling geïllustreer word deur die voorstelling van hervertaalde gedeeltes van die teks. Daar moet weer beklemtoon word dat hierdie hervertalings slegs moontlikhede tussen baie ander verteenwoordig. Theo Hermans (2007:61) word in hierdie verband aangehaal: "[No translation] can claim to be the original's exclusive mouthpiece or the only possible copy of it. Retranslations can challenge any existing translation." Die hervertalings hier onder verteenwoordig dus 'n soort "uitdaging" in terme van die behoud van opgeroepte betekenis en kan weer deur ander uitgedaag word.

Daar is reeds genoem dat Joubert 'n vervreemdende vertaalmetode beoog het om die geestesklimaat van die oorspronklike teks te herskep, maar die vergelyking van die twee tekste het getoon dat hierdie doel nie bereik is nie, omdat strategieë van waarneembare vertaling net gedeeltelik toegepas is. 'n Poging sal aangewend word om die verskuiwings

wat in Joubert se vertaling uitgewys is deur die hervertaling te verwyder sodat die opgeroepte betekenis van die bronteks so ver moontlik gelykwaardig bly. Soos in die vergelyking van die bron- en doelteks, val die klem op die oordrag van sosiale dialek en informele register. Om ’n regverdige vergelyking te bied, is die hervertaling ook geskryf asof dit vir beide ’n internasionale en ’n plaaslike gehoor bedoel is, alhoewel ’n skeiding van die twee gehore ideaal sou wees en beter vertalings moontlik sou maak. Met die internasionale gehoor in gedagte is kulturele elemente versigtig gehanteer om ’n balans tussen verstaanbaarheid en leesbaarheid aan die een kant en kulturele en kreatiewe getrouheid aan die ander kant te verseker. Daar moet in gedagte gehou word dat die doel van die hervertaling, en van die artikel in sy geheel, nie slegs is om kommentaar oor ’n enkele, afgesonderde vertaling te lewer nie, maar om ’n teoretiese probleem te ondersoek: die behoud van opgeroepte betekenis in literêre vertaling. Daarom sal die strategieë wat hier geïllustreer word, asook die algemene vertaalteorie, ook toegepas kan word in vertalings van tekste wat op ’n soortgelyke manier kultureel en kreatief gelaai is. Waarneembare vertaling, soos hier onder geïllustreer, dien dus as ’n oplossing vir ’n algemene vertaalprobleem.

6.1 Spesifieke realisering van waarneembare vertaling

Dit is duidelik gemaak dat waarneembare vertaling as algemene vertaaloplossing aangebied sal word, maar House behandel nie spesifieke strategieë breedvoerig nie. Daarvoor is Hatim en Mason (1990) geraadpleeg. Hatim en Mason maak veral spesifieke voorstelle vir die vertaling van dialek. Volgens hulle is die twee algemeenste strategieë vir die vertaling van dialek (i) die gebruik van ’n soortgelyke doeltaaldialek en (ii) die gebruik van standaardtaal, wat beide sekere negatiewe resultate tot gevolg mag hê. In die eerste geval mag daar sekere ongewenste “newe-effekte” wees as gevolg van assosiasies met die doeltaaldialek wat nie in die bronteks bestaan nie, en in die tweede geval is daar ’n effekverlies (of, soos verduidelik, betekenisverlies). Hatim en Mason se voorgeskrewe strategie val iewers tussen hierdie twee benaderings en behels sintaktiese en leksikale aanpassing om brontaalvariëteite uit te druk. Dit behels met ander woorde aanpassing van die standaardtaal deur niestandaardhantering van grammatika en doelbewuste leksikale variasie om ’n soort eksotisering te bereik.

Hierdie strategie kan op twee maniere uitgevoer word. Eerstens kan die bronteks baie naby gevolg word om sekere brontaalkenmerke uit te lig of idiome na te boots. In gevalle waar verlies sal ontstaan as gevolg van ’n onvermoë om gelykwaardigheid op die woord-tot-woord-vlak te bereik, moet vergoedingstrategieë gebruik word. ’n Dialektiese woord of niestandaardwoord kan dus gebruik word in ’n geval waar ’n standaardwoord in die bronteks gebruik is om te vergoed vir die onvermoë om ’n ander dialektiese of niestandaardwoord te vertaal.

Die vraag mag ontstaan of vergoedingstrategieë nie juis ’n beweging weg van die bronteks en weg van getrouheid impliseer nie, en mens mag wonder of hierdie soort vertaling nie die teoretiese basis van die hervertaling weerspreek nie.

Om hierdie vraag te beantwoord, moet mens die verskillende betekenisvlakke en die tekssoort in gedagte hou. In ’n pragmatiese teks geniet inligting op die vlak van denotasie altyd prioriteit, aangesien die doel van die teks inligtingsoordrag is. In die geval van ’n literêre teks mag opgeroepte betekenis of enige ander soort konnotatiewe betekenis egter in sommige gevalle as belangriker as die inhoud van ’n uiting geag word. Die funksie van enige uiting moet dus bepaal word om te besluit watter vlak van betekenis prioriteit in die vertaling kry. Dus, alhoewel daar deur vergoeding skynbaar ’n afwyking van die bronteks ontstaan,

mag daar juis getrouheid in terme van opgeroepte betekenis of 'n ander vlak van betekenis wees.

Tweedens is die persentasie vergoeding klein in vergelyking met die persentasie teks wat baie naby aan die bronteks bly en daarom kan die vertaling in sy geheel nog steeds, selfs op die vlak van denotasie, as getrou teenoor die bronteks, of bronteksgerig, beskou word. Aangesien informele register en sosiale dialek in hierdie geval so naby aan mekaar is, kan tegnieke vir die vertaling van sosiale dialek oor die algemeen ook vir die vertaling van informele taal gebruik word en is die feit dat Hatim en Mason se voorgeskrewe strategie veral op dialek van toepassing is, nie 'n probleem nie. Direkte vertaling, vergoeding, asook die gebruik van soortgelyke doeltaaldialekte en informele woordeskat, sal in die hieropvolgende onderafdelings geïllustreer word.

6.1.1 Direkte vertaling

In hierdie onderafdeling word daar gekyk na voorbeelde uit die hervertaling[7] waar die bronteks baie direk vertaal is om die brontaalstruktuur en -idioom na te boots en op dié manier 'n vervreemdende of eksotiserende effek te skep. Die oorspronklike teksgedeelte sal in elke geval eerste aangehaal word, gevolg deur Joubert se vertaling en die hervertaling.

1. In die eerste voorbeeld is die kontras tussen Joubert se vertaling en die hervertaling as gevolg van 'n meer letterlike vertaaltegniek in die hervertaling baie duidelik.

Bronteks

> Miskien was dit Masjien Matati van Mafekeng wat in die oorlog vir die Engelse gaan veg het wat vir die name gesorg het. Nee, sê Poppie later, dit was nie net ons tata nie, onse mama-goed het ook van hierdie skooldinge geweet, ja. Sy was nie sonder gelerentheid nie. (5)

Joubert se vertaling

> Perhaps it was Machine Matati from Mafeking, who went to war for the English, who chose these new names. No, says Poppie, it was not just our pa who was educated, our ma had some learning too. (1980:13)

Hervertaling

> Maybe it was Machine Matati from Mafekeng who fought in the war for the English who gave these names. No, Poppie said later, it wasn't just our tata, our mama also knew about these school things, ja. She wasn't without learning. (Botha 2015:106)

Die uitdrukkings "van hierdie skooldinge weet" en "sonder gelerentheid" is in die hervertaling direk vertaal as gevolg van die besonderse aard en humor van die uitdrukkings, wat baie emotiewe krag besit. In Joubert se vertaling is hierdie uitdrukkings deur meer standaardbewoording vervang, wat tot idiolektiese verlies lei. In die hervertaling is die woord "ja" ook direk oorgeneem om die bronteksstyl oor te dra.

2. In die volgende voorbeeld bevat Joubert se vertaling 'n mate van verplaasliking, waar die hervertaling meer getrou teenoor die bronteksidioom bly.

Bronteks

> Haar jongste kind, oompie Pengi, het ouma getêre. Dan kom hy so lekker dronk huis toe en dan sing hy vir sy ma, dan sê hy: God, Ma, kyk hoe sing ou Joorsie se kind. Dan sê Ouma vir hom: Pengi, maar jy raas mos om my kop. (6)

Joubert se vertaling

> Ouma's youngest child, oompie Pengi, used to tease her. He'd come home drunk, singing, and then he'd say: God, ma, just watch the way old George's child is singing. Then ouma Hannie would say: Pengi, you're making a noise, my head can't stand it. (1980:14)

Hervertaling

> Her youngest child, oompie Pengi, teased ouma Hannie. He used to come home jolly drunk and then he would sing to his ma, he said: Hell, Ma, look how old Joorsie's child can sing! Then Ouma said to him: Pengi, you're making a noise around my head, man! (Botha 2015:108)

In hierdie voorbeeld is "lekker dronk" en "jy raas mos om my kop" redelik direk vertaal om 'n indruk van die brontaaluitdrukkings te bewaar, maar in Joubert se vertaling is die eerste uitdrukking met 'n standaarduitdrukking vervang en die tweede een verplaaslik. Die naam Joorsie is ook vervang met die naam George, wat by die doelkultuur pas en iets van die bronkultuur verwyder. Daar is egter 'n woord in Joubert se vertaling wat nader aan die bronteks is as die hervertaling. Die woord "God" is in die hervertaling nie direk vertaal nie, omdat hierdie woord (in sy lasterlike gebruik) onnatuurlik in Engels binne die kulturele konteks gevind is. Die woord "man" is ook in hierdie geval toegevoeg om te vergoed vir die onvertaalbaarheid van "mos".

3. In die volgende voorbeeld word die bronteks nageboots tot die punt dat dit tegnies verkeerd is in die doeltaal, maar aangesien verkeerde taal 'n kenmerk van die oorspronklike teks is, is hierdie effek juis gewens.

Bronteks

> Soggens vroeg in die halfdonker kom die oompies uit die huise in die lokasie, so een-een uit die halfdonker kom hulle nader en loop na die railway-jaart. Anders het op die trollie gaan sit, anders het die trollie gestoot, dan gaan werk hulle ver uit op die lyn. (9)

Joubert se vertaling

> Early in the morning the oompies went off on a trolley to a far place on the railway line where they worked. (1980:19)

Hervertaling

> Early in the morning in the half-darkness, the oompies came out of the houses in the location. One by one in the half-darkness they came closer and walked to the railway yard. Others sat on the trolley, others pushed the trolley, then they went to work far out on the line. (Botha 2015:114)

Dit is opvallend dat die meeste van die oorspronklike inhoud in hierdie voorbeeld eenvoudig deur Joubert uitgelaat is en die poëtiese en sosiaal-karakteriserende verlies is duidelik. Die hervertaling bied 'n baie direkte vertaling van die bronteks in hierdie geval, wat die behoud van effek tot gevolg het. Die "others … others" konstruksie is nie net 'n direkte vertaling van die bronteks nie, maar kom volgens De Klerk (2003:366) ook in Xhosa-Engels voor. Die internasionale leser, asook die meeste plaaslike lesers, sal hierdie konstruksie egter nie as dialekties herken nie, maar die "verkeerdheid" van die uitdrukking bly effektief.

4. Die volgende voorbeeld word ook gekenmerk deur 'n baie direkte vertaling van die bronteks en die gebruik van Xhosa-Engels.

Bronteks

> Ouma hou nie van die dokterdansery nie. Sy hou nie van die vloekery nie: Dis 'n Christenhuis hierdie, dis God se huis. Ek sal die poeliesse gaan roep, ek sal vir ou Pieterse gaan roep om jou te kom opsluit. (20)

Joubert se vertaling

> But ouma did not approve of the wild dancing in the witchdoctor way. She didn't like the swearing either. This is a Christian house, she'd say. It is God's house. I'll call the police. I'll call old Pieterse to come and lock you up. (1980:33)

Hervertaling

> Ouma didn't like the doctor-dancing. She didn't like the swearing. This is a Christian house, this, it's God's house. I'll call the cops, I'll call old Pieterse to come and lock you up. (Botha 2015:129)

Die eerste manier waarop die hervertaling die bronteks naboots in hierdie geval is in die direkte vertaling "doctor-dancing", wat Joubert eerder beskryf. Die eenvoud van die bronteks word deur die eenvoudiger taal van hierdie direkte vertaling bewaar. Die hervertaling bevat tweedens 'n nabootsing van die emfatiese gebruik van die woord "hierdie". Volgens De Klerk (2003:467) word hierdie verskynsel in Xhosa-Engels aangetref en word dit onderwerpverdubbeling genoem. Dit het 'n eksotiserende funksie vir die internasionale leser en mag aan die plaaslike leser bekend wees as 'n kenmerk van swart Suid-Afrikaanse Engels (en besit dus 'n waarmerkende funksie). Onderwerpverdubbeling word ook op ander plekke in die hervertaling as kompensasie gebruik.

5. Die laaste voorbeeld van direkte vertaling van idiome wat lei tot die behoud van opgeroepte betekenis is die volgende een.

Bronteks

> Ou sisi Makone se kinders het vroeg in die week al die paraffienblikke gebrand, sê Nomsolono, ons het die as gesien toe die wind na ons kant toe trek.
>
> Hulle roep my saggies, meer met handepraat as lippepraat dat Ouma ons nie hoor nie. (16)

Joubert se vertaling

> Miriam and Nomsolono called me softly, beckoning with their hands, so that ouma could not hear us. […] Old sisi's children were scalding the paraffin tins on the open fire earlier this week, said Nomsolono, and the wind scattered the ash near to where we were playing. (1980:28)

Hervertaling

> Old sisi Makone's children burnt all the paraffin cans early in the week already, said Nomsolono, we saw the ash when the wind came over to our side.
>
> They called me softly, more with hand-speaking than with lip-speaking so that Ouma couldn't hear us. (Botha 2015:124)

Die idiomatiese en amusante uitdrukkings "handepraat" en "lippepraat" gaan heeltemal verlore in Joubert se effens verhewe standaardtaalvertaling. Uitdrukkings met soveel idiolektiese en kulturele krag verdien direkte vertaling.

6.1.2 Vergoeding

Die volgende stel voorbeelde illustreer vergoedingstrategieë in die hervertaling.

1. In die eerste geval word woorde ingevoeg om die oorspronklike gevoel of geestesklimaat te herskep.

Bronteks

> Bring Lena se kinders vir my terug, sê sy vir Martha en Hessie, ek wil hulle huis toe neem. Kleinma Hessie het vir Plank na Ouma teruggebring. Laat Mosie tog by my agterbly, vra sy, want ek het nie kind by my nie.
>
> Ouma het haar jammer gekry. Dis goed, sê sy, laat Mosie maar bly. (13)

Joubert se vertaling

> Bring Lena's children, she told Martha and Hessie, I want them back.
>
> Martha gave Hoedjie and Poppie back to ouma Hannie and kleinma Hessie brought Plank, but she begged: Leave Mosie with me, I have no child in the house. Ouma Hannie […] took pity on her daughter's childlessness and said: Keep him with you. (1980:24)

Hervertaling

> Bring Lena's children back to me, she said to Martha and Hessie, I want to take them home.
>
> Kleinma Hessie gave Plank back to Ouma. Ag, let Mosie stay with me, she asked, 'cause I don't have a child with me.
>
> Ouma felt sorry for her. That's fine, she said, Mosie can stay, ja. (Botha 2015:120)

Die woorde “ag” en “ja” word hier as vergoeding toegevoeg om die informele, gesproke indruk van die bronteks hier oor te dra. Die woord “tog” is baie moeilik om in Engels te vertaal, maar die invoeging van “ag” skep dieselfde smekende gevoel wat deur die woord “tog” in die bronteks geskep word. Verder besit dié leenwoord ’n eksotiserende en waarmerkende funksie, wat as herinnering dien van die sprekers se ware kultuur en spreekwyse. Die woord “maar” as ongewilligheidsmerker is ook baie moeilik om te vertaal en die woord “ja” is daarom ingevoeg. Alhoewel die presiese betekenis nie oorgedra word nie, bly die informele gevoel van die oorspronklike teks behoue. Hierdie woorde word in die glossarium verduidelik en kom dikwels genoeg voor dat die buitelandse leser met hulle betekenis bekend raak. Daarom belemmer hulle geensins begrip nie.

2. Strukturele formaliteit word in die hervertaling verminder deur die vergoedingstrategieë in die volgende voorbeeld.

Bronteks

> Die Basters is nie so lief vir misvloere soos die Xhosa-mense nie, hulle sal die mis met die besem aansmeer, dit sal die Xhosa nooit doen nie. (16)

Joubert se vertaling

> The Basters are not so fond of their dung-smeared floors as we are, they’ll use a broom to spread the dung. We Xhosa people will never do that. (1980:27)

Hervertaling

> The Basters don’t like dung floors so much, no, not like the Xhosa people. They put the dung on with a broom. Now, that a Xhosa will never do. (Botha 2015:123)

In hierdie voorbeeld word ontkenning in die hervertaling gebruik eerder as die “as … as”-konstruksie om vergelyking aan te dui, sodat formaliteit verminder word, al beteken dit ’n afwyking van die presiese brontekssstruktuur. Dit weerspieël ook die gesprokenheid van die bronteks. Die woord “now”, wat in die laaste sin bygevoeg is, dien ook hierdie doel en is verder bygevoeg om die nabootsing van die oorspronklike woordvolgorde natuurliker te maak. Strukturele vereenvoudiging kom gereeld in die hervertaling voor en sekere konstruksies, soos die lydende vorm en die perfektum, word in die meeste gevalle vermy omdat die effek daarvan in Engels effens formeler is.

3. Nog ’n vergoedingstrategie wat bydra tot die behoud van informaliteit is die gebruik van verkeerde taal in gevalle waar die ooreenstemmende brontekswoord nie noodwendig verkeerd is nie, maar die verkeerde woord algemeen in informele diskoers of werkersklas sosiale dialek voorkom. Die vertaling van verkeerde taal deur middel van vergoeding is nodig omdat hierdie soort taalgebruik gewoonlik nie woord vir woord vertaal kan word nie. In die volgende voorbeeld word ’n byvoeglike naamwoord doelbewus as ’n bywoord gebruik om omgangstaal te weerspieël.

Bronteks

> My ouma het mos nie bed gebruik nie, sy het op bokvelle geslaap wat aanmekaargewerk is, plat op die bokvelle met ’n kussing en komberse. Sy het so lekker geslaap en ek het by haar geslaap. (7)

Joubert se vertaling

> My ouma didn't have a bed, she slept on goatskins joined together, flat on the ground, with a pillow and a few blankets. Ag, she slept so well, and I shared her bed. (1980:16–7)

Hervertaling

> My ouma didn't use a bed, you know, she slept on goat skins that she sewed together – flat on the goat skins with a pillow and blankets. She slept so nice and I slept next to her. (Botha 2015:111)

Hier word "nice" eerder as "nicely" gebruik. Die gebruik van 'n woord met bywoordelike funksie sonder die suffiks "-ly" word behalwe in die omgangstaal ook in Xhosa-Engels aangetref (De Klerk 2003:470). In hierdie voorbeeld is die vermyding van die lydende vorm wat vroeër bespreek is, ook sigbaar. "Wat aanmekaargewerk is" is as "that she sewed together" vertaal ter wille van eenvoud. 'n Ander voorbeeld van verkeerde taal wat herhaaldelik en doelbewus in die hervertaling voorkom, is die gebruik van "me" in die onderwerpsposisie, soos in die frase "then me and my butis bought her medicine" (Botha 2015:143). Daar is ook gevalle waar aanwysende voornaamwoorde nie in getal ooreenstem met die naamwoorde waarna hulle verwys nie, byvoorbeeld: "That's war lorries." Hierde verkeerde taalgebruik is 'n kenmerk van Xhosa-Engels (De Klerk 2003:469). Dit geld ook vir die emfatiese herhaling van naamwoorde of voornaamwoorde, wat soms as direkte vertaling en soms as vergoeding voorkom. Hierdie herhaling kan óf as naamwoordverdubbeling voorkom, óf dit kan as die herhaling van voornaamwoorde (soos beskryf deur Bamiro 1995:197) voorkom. By naamwoordverdubbeling volg die verdubbelde onderwerp direk op die eerste onderwerp, byvoorbeeld: "The skollie, he's not going to grab you" (1980:88). By onderwerpherhaling volg die twee woorde nie direk op mekaar nie, byvoorbeeld: "This is my house, this!" (Botha 2015:144).

4. Verder word informele of dialektiese woorde dikwels gebruik waar standaardwoorde in die bronteks te vinde is om te vergoed vir die onvermoë om ander niestandaardwoorde met 'n niestandaardekwivalent te vertaal. Woorde soos "guy", "oompie", "auntie", "how come", "gonna", "wanna", "'cause" en "'cause why" word op hierdie manier kompenserend gebruik (waarvan sommige, soos "auntie" en "'cause why" nie net sosiale dialek nie, maar ook geografiese dialek verteenwoordig). Die volgende voorbeeld illustreer die kompenserende gebruik van "how come":

Bronteks

> Dear darling, dit gaan goed met my, ek hoop dit gaan goed met jou. Hoekom het jy nie gister uitgekom nie, ek het gewag tot sesuur by die pad, van halfdrie af. Ek het nou so gewag en ek is nou kwaad. Sal jy nou anderweek en Sondag kom? Stone. (45)

Joubert se vertaling

> He wrote to me: Dear darling, it goes well with me, I hope it goes well with you too. Why didn't you meet me yesterday? I waited by the roadside till six o' clock, from half past two. I waited and waited and now I'm cross with you. Will you come Sunday next week? Stone. (1980:66)

Hervertaling

> Dear darling, it's going well with me, I hope it's going well with you. How come you didn't come out yesterday, I waited till six o'clock at the road, from half past two. I waited and waited and now I'm mad. Will you come next week Sunday? Stone. (Botha 2015:166)

Hier is die ongewone taal van die bronteks baie opvallend en moet vergoeding toegepas word om hierdie vreemdheid te weerspieël. Dit word in hierdie geval goed deur Joubert gedoen. Sy gebruik die uitdrukkings "it goes well with me, I hope it goes well with you too" en herhaal die woord "waited" om tydsduur aan te dui. In die hervertaling word hierdie vertalings tot 'n mate oorgeneem en die woord "hoekom" word verder deur "how come" vervang om die ongesofistikeerde aard van die taal verder te laat deurskyn. Die volgende voorbeeld vertoon dieselfde strategie:

Bronteks

> Maar onse mama se kinders was haar die naaste aan die hart omdat ons tata nie goed vir ons gesôre het nie. (4)

Joubert se vertaling

> But our ma's children were closest to her heart, because our pa didn't look after us well. (1980:13)

Hervertaling

> But our mama's children were closest to her heart 'cause why our tata didn't take good care of us. (Botha 2015:105)

Die bronteks bevat in hierdie geval ongewone taal, en sosiale dialek word gebruik om te vergoed vir die onvermoë om ekwivalente te kry wat die geografiese dialek van die sprekers op toereikende wyse weerspieël. Vergoeding deur die gebruik van sosiale dialek word dus in sommige gevalle gebruik om die effek van ander soorte dialek te vertaal. Uit die bostaande voorbeeld is dit ook duidelik dat vergoeding in die hervertaling nie noodwendig op 'n een-tot-een-basis toegepas word nie. Met ander woorde, een kompensasievertaling word nie in die plek van een niestandaardwoord of -uitdrukking gebruik nie, maar vergoeding word algemeen, maar tog binne perke, toegepas waar dit kan en waar dit die effektiefste sal wees.

Alhoewel 'n vergelyking van langer teksgedeeltes, soos hoofstukke (soos in Botha 2015), 'n beter indruk van die toepassing van strategieë van waarneembare vertaling moontlik sou maak, bied die uittreksels in hierdie onderafdeling tog 'n goeie idee van die manier waarop waarneembare vertaalmetodes deur middel van direkte vertaling en vergoeding kan bydra tot die behoud van opgeroepte betekenis en die interpersoonlike teksfunksie daardeur kan ondersteun. Die uittreksels dien as voorbeelde van maniere waarop niestandaardhantering van taal die sosiale dialek en informele register van die bronteks beter kan weerspieël. Vertalers van soortgelyke tekste kan van dieselfde algemene strategieë gebruikmaak, alhoewel daar natuurlik verskille sal wees afhangende van die aard en funksie van die verskillende tekste, wat bepaal moet word deur middel van tekstuele ontleding. Soos reeds genoem, sou 'n volledige teksontleding 'n bespreking van al die taalgebruikersdimensies en taalgebruiksdimensies in ag moet neem (geografiese oorsprong, sosiale klas, tyd, kultuur of

etnisiteit, medium, deelname, sosialerol-verhouding, sosiale houding en vakgebied). In verskillende tekste sal verskillende dimensies natuurlik meer of minder belangrik wees. House (1997) voer verskeie teksontledings en -vergelykings uit om haar model te illustreer, wat gerus geraadpleeg kan word. Haar ontledings fokus egter baie sterk op register, en dialekontleding word tot op benaming vereenvoudig (waarskynlik as gevolg van die funksionele aard van die gekose tekste).

7. Ten slotte

Hierdie navorsingsprojek berus op ’n samesmelting van vertaalteorie en vertaalpraktyk en dit is hierdie samesmelting wat dit bruikbaar maak. Die doel van die studie was naamlik nie slegs die ontleding van ’n vertaling ter wille van ontleding nie. Die doel was om ’n vertaalprobleem uit te wys en ’n oplossing daarvoor te bied en te illustreer. ’n Opsomming van die hoofbevindings van die studie dien hier as oorsig van die eindresultate.

Daar is eerstens bevind dat literêre tekste ’n baie ander vertaalstrategie as pragmatiese tekste verg, omdat hulle funksie so drasties van dié van pragmatiese tekste verskil. Dit is omdat nie net die feite of inligting in literêre tekste betekenisvol is nie, maar ook die wyse waarop hulle oorgedra word. Teksfunksie bepaal dus die keuse van vertaalmetode.

Verder is twee algemene vlakke van linguistiese betekenis, denotasie en konnotasie, uitgewys. Albei hierdie taalvlakke is in literêre tekste te vinde en hou verband met die twee algemene teksfunksies wat in die vorige paragraaf beskryf is. Die feit dat denotasie en konnotasie albei soorte betekenis verteenwoordig, is baie belangrik, want dit impliseer dat dialek en register, wat soorte konnotatiewe betekenis oordra nie net ’n versierende funksie het nie, maar hoogs betekenisvol is. Die artikel toon aan dat dialek en register, wat saam bydra tot die ontstaan van opgeroepte betekenis, betekenisvol is omdat hulle op indirekte wyse inligting oor taalgebruikers en kommunikatiewe kontekste oordra. Hierdie inligting vorm soms deel van die essensie van ’n teks, wat die geval is in *Die swerfjare van Poppie Nongena*.

Die vergelyking van *Die swerfjare van Poppie Nongena* en die Engelse vertaling daarvan deur middel van Juliane House se model vir vertaalgehalte-assessering het aangetoon dat ’n onvermoë om dialek en register (in hierdie geval slegs sosiale dialek en informele register) toereikend te vertaal ernstige betekenisverlies tot gevolg het. Daar is aangetoon dat betekenisverskuiwings in die Engelse vertaling veral gelei het tot ’n wanvoorstelling van die sosio-ekonomiese status van die karakters en die informele situasies waarin die karakters met mekaar verkeer. Albei hierdie elemente vorm kernaspekte van die teks, omdat die interpersoonlike teksfunksie sterk beklemtoon word.

Daar is vir die vergelyking tussen die bron- en doeltekste ook gesteun op Van Leuven-Zwart (2004) se twee kriteria, getrouheid en kreatiwiteit. Daar is bewys dat Joubert se vertaling in terme van die kreatiwiteitskriterium wel goed is, maar nie getrou is teenoor die bronteks nie.

Nie net is verskuiwinge uitgewys nie, maar ’n vertaalstrategie is voorgestel waarmee opgeroepte betekenis tot ’n groter mate behou kan word. Hierdie strategie, House se teorie van waarneembare vertaling, behels die gebruik van eksotisering om veral die kultuur en sosio-ekonomiese status van die karakters en die kommunikatiewe situasie in die vertaling te laat deurskyn.

Om eksotisering te bereik, is Hatim en Mason (1990) se voorstel vir die vertaling van dialek gevolg, wat sintaktiese en leksikale taalaanpassing (of algemene niestandaardtaalhantering) behels. Hierdie strategie, wat aansluit by House se teorie van waarneembare vertaling, is in die aanhaling van hervertaalde teksgedeeltes geïllustreer, waar baie direkte vertaling van idiome en uitdrukkings, asook vergoeding deur middel van teksvereenvoudiging, verkeerde taalgebruik en die gebruik van niestandaardwoorde tot die behoud van opgeroepte betekenis bygedra het.

Joubert se vertaling verteenwoordig dus 'n algemene probleem betreffende die behoud van opgeroepte betekenis in literêre vertaling, waarvoor House se teorie van waarneembare vertaling met sy eksotisering as oplossing aangebied en geïllustreer is. Die beginsels wat in hierdie artikel verduidelik is, kan dus gebruik word om tekste wat op soortgelyke manier kultureel, poëties of geskiedkundig gelaai is te vertaal.

Bibliografie

Baker, M. 1992. *In other words: a coursebook on translation*. Londen, New York: Routledge.

Bamiro, E.O. 1995. Syntactic variation in West African English. *World Englishes*, 14(2):189–204.

Botha, M. 2015. The retention of evoked meaning in literary translation – Translating dialect and register in *The long journey of Poppie Nongena* by Elsa Joubert. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Bührig, K., J. House en J.D. ten Thije (reds.). 2009. *Translational action and intercultural communication*. Manchester: St. Jerome Publishing.

Chandler, D. 2002. *Semiotics: the basics*. Londen, New York: Routledge.

De Klerk, V. 2003. Towards a norm in South African Englishes: The case of Xhosa English. *World Englishes*, 22(4):463–81.

Halliday, M.A.K. 1978. *Language as social semiotic: The social interpretation of language and meaning*. Londen: Edward Arnold.

Hatim, B. en I. Mason. 1990. *Discourse and the translator*. Harlow: Longman.

Hermans, T. 2007. Translation, irritation and resonance. In Wolf en Fukari (reds.) 2007.

House, J. 1977. *A model for translation quality assessment*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.

—. 1997. *Translation quality assessment – A model revisited*. Tübingen: Gunter Narr Verlag.

—. 2009. Moving across languages and cultures in translation as intercultural communication. In Bührig e.a. (reds.) 2009.

Joubert, E. 1978. *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

—. 1980. *The long journey of Poppie Nongena*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.

—. 1982. Die vertalings van *Die swerfjare van Poppie Nongena*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 20(4):93–102.

McClintock, A. 1990. The very house of difference: Race, gender and the politics of South African women's narrative in*Poppie Nongena*. *Social Text*, 25/26:196–226.

Meschonnic, H. 1973. *Pour la Poétique* 2. Parys: Gallimard.

Naaijkens, T., C. Koster, H. Bloemen en C. Meijer (reds.). 2004. *Denken over vertalen*. Utrecht: Uitgeverij Vantilt.

Newmark, P. 1991. *About translation*. Clevedon: Multilingual Matters.

Nida, E.A. 1964. *Toward a science of translating: with special reference to principles and procedures involved in Bible translating*. Leiden: Brill.

Nida, E.A. en C.R. Taber. 1969. *The theory and practice of translation*. Londen: United Bible Societies.

Ogden, C.K. en I.A. Richards. 1946. *The meaning of meaning – A study of the influence of language upon thought and of the science of symbolism*. Agtste uitgawe. Londen, New York: Routledge en Kegan Paul.

Toury, G. 2012. *Descriptive translation studies – and beyond.* Hersiene uitgawe. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.

Van Leuven-Zwart, K.M. 2004. Een goede vertaling, wat is dat? In Naaijkens e.a. (reds.) 2004.

Venuti, L. 2008. *The translator's invisibility: A history of translation*. Tweede uitgawe. Abingdon: Routledge.

Wolf, M. en A. Fukari (reds.). 2007. *Constructing a sociology of translation*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamins.

Eindnotas

[1] Die woorde *bronteks* en *doelteks* word in hierdie artikel sinoniem met *oorspronklike teks* en *vertaling* gebruik.

[2] *Vervreemding* en *eksotisering* word hier eenvoudig as verduidelikings gebruik en geen doelbewuste verwantskap tot hulle onderskeidelike teoretiese betekenisklemme word geïmpliseer nie.

[3] Al die verwysings wat slegs met bladsynommers aangedui word, verwys na *Die swerfjare van Poppie Nongena* (Joubert 1978).

[4] Die oorspronklike studie het ook die Nederlandse, Duitse en Franse vertalings van die roman ontleed, maar slegs die Engelse vertaling sal hier bespreek word.

[5] House het haar oorspronklike model in 1997 hersien en die ontledingsdimensies aangepas, maar ek het die oorspronklike model gebruik vir die toepaslikheid daarvan vir die ontleding van sowel dialek as register. In House se later model verskuif die fokus drasties na die ontleding van slegs register en dit is daarom nie gebruik nie.

[6] Die woord *verskuiwing* word deur Van Leuven-Zwart (2004) gebruik om na afwykings van die bronteks te verwys. Hier word daar spesifiek na betekenisverskuiwing verwys om te beklemtoon dat dialek en register ’n soort betekenis tot stand bring.

[7] Die volledige hervertaling bestaan uit ’n vertaling van die eerste twee dele (21 hoofstukke) van *Die swerfjare van Poppie Nongena* en is in Botha (2015) te vinde.